Die waarskynlikheid van nadelige interaksies met lamivudien is laag weens die beperkte metabolisme, plasmaproteïenbinding en byna totale niersuiwering daarvan. 'n Interaksie met trimetoprim, 'n bestanddeel van kotrimoksasool, veroorsaak 'n 40 % toename in lamivudienblootstelling teen terapeutiese dosisse. Dit vereis geen dosisaanpassing nie, tensy die pasiënt ook aan ingekorte nierfunksie lei. Die toediening van kotrimoksasool tesame met die lamivudien/sidovudien kombinasie in pasiënte met ingekorte nierfunksie behoort noukeurig geëvalueer te word.

INDIKASIES
MACLEODS LAMIVUDINE 150 in kombinasie met sidovudien word aangedui in die behandeling van:
- MIV-besmette volwassenes met 'n gevorderde immuuntekort (CD4-telling < 500 selle/mm³) met geen vorige antiretrovirusterapie nie.
- MIV-besmette volwassenes met 'n gevorderde immuuntekort wat voorheen met sidovudien behandel is.

MACLEODS LAMIVUDINE 150 word aangedui as deel van antiretrovirus kombinasieterapie in die behandeling van MIV-besmette kinders.

KONTRA-INDIKASIES
Die gebruik van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** word teenaangedui in pasiënte met 'n bekende hipersensitiwiteit teen lamivudien of enige bestanddeel van die preparaat. Daar bestaan 'n bekende interaksie tussen lamivudien en salsitabien. Die gelyktydige gebruik van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** en salsitabien behoort vermy te word (sien **INTERAKSIES**).

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS
Melksuurasidose/hiperlaktatemie:
Die gebruik van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** kan weens mitochondriale wanfunksie tot potensieel fatale melksuurasidose lei.
Kliniese eienskappe is nie-spesifiek en sluit naarheid, braking, buikpyn, dispnee, moegheid en massaverlies in.
In pasiënte met verdagte simptome of biochemie, behoort die veneuse laktaatvlak (normaal < 2 mmol/ℓ) en serumbikarbonaat gemeet en as volg opgetree te word.
- **Laktaat 2 - 5 mmol/ℓ met minimum simptome:** Skakel oor na medisyne wat minder waarskynlik melksuurasidose sal veroorsaak.
- **Laktaat 5 - 10 mmol/ℓ met simptome en/of laer bikarbonaat:** Staak NTTIs en verander die behandeling. Wanneer die laktaatvlak gestabiliseer het, gebruik medisyne wat minder waarskynlik melksuurasidose sal veroorsaak. Sluit ander oorsake uit (bv. sepsis, uremie, diabetiese ketoasidose, tirotoksikose en hipertiroïedisme).
- **Laktaat > 10 mmol/ℓ: STAAK** alle terapie (80 % mortaliteit).

Die bogenoemde laktaatvlakke is moontlik nie in pediaters van toepassing nie.
Sorg behoort aan die dag gelê te word wanneer **MACLEODS LAMIVUDINE 150** aan pasiënte met bekende faktore vir lewersiekte toegedien word.
Behandeling met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** behoort opgeskort te word in enige pasiënt wat kliniese of laboratorium bevindings ontwikkel wat op melksuurasidose of hepatotoksisiteit dui.

Mitochondriale disfunksie:
Daar is *in vitro* en *in vivo* aangetoon dat nukleosied- en nukleotiedanaloë 'n wisselende graad van mitochondriale beskadiging veroorsaak. Daar bestaan vermeldings van mitochondriale disfunksie in MIV-negatiewe babas wat *in utero* en/of post-nataal aan nukleosiedanaloë blootgestel is. Behalwe vir melksuurasidose/hiperlaktatemie (sien hierbo) sluit ander manifesterings van mitochondriale disfunksie hematologiese afwykings (anemie, neutropenie) en perifere neuropatie in. Sommige neurologiese afwykings wat eers later ontwikkel is aangemeld (hipertonie, stuipaanvalle, abnormale gedrag). Dit is nie bekend of die neurologiese afwykings van verbygaande aard of permanent is nie. Enige fetus wat *in utero* aan nukleosied- en nukleotiedanaloë blootgestel is, selfs MIV-negatiewe babas/kinders, behoort kliniese en laboratoriumopvolg te ondergaan en behoort in die geval van relevante tekens of simptome ten volle vir mitochondriale disfunksie ondersoek te word.

Pankreatitis:
Pankreatitis is in sommige pasiënte wat **MACLEODS LAMIVUDINE 150** ontvang, waargeneem.
Pankreatitis moet oorweeg word wanneer 'n pasiënt buikpyn, naarheid, braking of verhoogde biochemiese merkers ontwikkel. Staak die gebruik van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** totdat 'n diagnose van pankreatitis uitgesluit is.

Pasiënte met matige tot ernstige nierversaking:
In pasiënte met matige tot ernstige nierversaking, word die terminale halfleeftyd van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** verhoog as gevolg van verminderde klaring. Die dosis van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** moet dus aangepas word (sien DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSING).

Lewersiekte:
Weens nie-alkoholiese vetlewersiekte (lewersteatose) kan die gebruik van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** tot hepatomegalie lei. Die veiligheid en effektiwiteit van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** is nie in pasiënte met beduidende onderliggende lewerafwykings/-siekte vasgestel nie. In die geval van meegaande antivirusterapie vir hepatitis B of C, moet die relevante voubiljette vir hierdie medisyne geraadpleeg word.
Pasiënte met reeds bestaande lewerdisfunksie, insluitende chroniese, aktiewe hepatitis toon 'n toename in die frekwensie van lewerfunksie-abnormaliteite gedurende kombinasie antiretrovirusterapie en behoort gemonitor te word. As daar bewys van agteruitgang van die lewersiekte in sulke pasiënte is, behoort tydelike of permanente staking van behandeling oorweeg te word.

Pasiënte met beide MIV en hepatitis B of C infeksie:
Pasiënte met chroniese hepatitis B of C en wat met antiretrovirus terapie behandel word, het 'n groter risiko vir erge en potensieel fatale newe-effekte van die lewer.
Mediese praktisyns behoort na die huidige MIV-behandelingsriglyne te verwys vir die optimale bestuur van MIV-infeksie in pasiënte wat ook met hepatitis B virus (HBV) besmet is.
In die geval van meegaande antivirusterapie vir hepatitis B of C, moet ook na die relevante voubiljette vir hierdie medisyne verwys word.
Pasiënte wat mede besmet is met MIV en HBV wat **MACLEODS LAMIVUDINE 150** stop, moet noukeurig gemoniteer word met beide kliniese en laboratoriumopvolg na behandeling gestaak is.
In pasiënte met gevorderde lewersiekte of -sirrose, word die staking van terapie nie aanbeveel nie, aangesien die agteruitgang van hepatitis na behandeling tot lewerdekompensering kan lei.
Die staking van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** in pasiënte wat met beide MIV en HBV besmette, kan met erge agteruitgang van hepatitis geassosieer word.

Lipodistrofie en metaboliese abnormaliteite:
Kombinasie antiretrovirusterapie is met die herverspreiding/akkumulasie van liggaamsvet, insluitende sentrale vetsug, dorsoservikale vetvergroting (buffelskof), perifere vermaering, gesigsvermaering, borsvergroting en verhoogde serumlipied- en glukosevlakke in MIV-pasiënte geassosieer. 'n Kliniese ondersoek behoort die evaluering van fisiese tekens van die herverspreiding van vet in te sluit. Pasiënte met bewys van lipodistrofie behoort 'n deeglike kardiovaskulêre risiko-evaluering te ondergaan.

Immuunherinstelling en inflammatoriese sindroom:
Immuunherinstelling en inflammatoriese sindroom (IRIS) is 'n immunopatologiese respons wat volg op die vinnige herstel van patogeenspesifieke immuunresponse tot reeds bestaande immuun-disregulering wat kort na die begin van kombinasie antiretrovirusterapie (kART) voorkom. Dit presenteer tipies met paradoksale agteruitgang van opportunistiese infeksies wat behandel word of met ontmaskering van 'n asimptomatiese opportunistiese infeksie, dikwels met 'n atipiese inflammatoriese presentering. IRIS ontwikkel gewoonlik binne die eerste drie maande na inisiëring van ART en kom meer dikwels in pasiënte met lae CD4 tellings voor. Algemene voorbeelde van IRIS reaksies teen opportunistiese siektes is tuberkulose, sitomegalovirusretinitis en kriptokokmeningitis. Toepaslike behandeling van die opportunistiese siekte behoort ingestel en voortgesit te word en ART behoort ook voortgesit te word. Inflammatoriese manifesterings verdwyn gewoonlik na 'n paar weke. Erge gevalle mag op kortikosteroïede reageer, maar daar is slegs beperkte bewys hiervan in pasiënte met tuberkulose IRIS. Outo-immuunafwykings (soos Graves se siekte) is ook as IRIS reaksies aangemeld. Die aangemelde tyd tot aanvangs wissel egter meer en hierdie episodes kan 'n aantal maande na aanvangs van behandeling voorkom.

Osteonekrose:
Alhoewel die etiologie as multifaktoriaal beskou word (insluitende die gebruik van kortikosteroïede, alkoholinname, erge immuunonderdrukking en hoër liggaamsmassa-indeks), is gevalle van osteonekrose aangemeld, veral in pasiënte met gevorderde MIV-siekte en/of langtermyn blootstelling aan kombinasie antiretrovirusterapie (KART). Pasiënte behoort aangeraai te word om mediese advies in te win wanneer hulle gewrigspyn, gewrigstyfheid of moeite met beweging.

Opportunistiese infeksies:
Pasiënte wat **MACLEODS LAMIVUDINE 150** ontvang behoort daarop ingelig te word dat hulle mag voortgaan om opportunistiese infeksies en ander komplikasies van MIV-siekte op te doen en behoort daarom onder noukeurige waarneming deur professionele gesondheidswerkers met ondervinding in die behandeling van pasiënte met verwante MIV-siekte gehou te word. Die viruslading en CD4 tellings behoort gereeld gemonitor te word.

Die risiko van oordraging van MIV na ander:
Pasiënte behoort in kennis gestel te word dat die huidige antiretrovirusterapie, insluitende **MACLEODS LAMIVUDINE 150**, nie die risiko van oordraging van MIV na ander deur seksuele kontak of bloedkontaminasie verminder nie. Toepaslike voorsorgmaatreëls behoort getref te word.

Effek op die vermoë om te bestuur of met masjinerie te werk:
MACLEODS LAMIVUDINE 150 kan tot duiseligheid, ingekorte konsentrasievermoë en/of lomerigheid lei. Pasiënte behoort aangeraai te word dat wanneer hulle hierdie simptome ontwikkel, hulle potensieel gevaarlike take soos om te bestuur en met masjinerie te werk, moet vermy.

INTERAKSIES
Weens die beperkte metabolisme en plasmaproteïenbinding van lamivudien, asook die byna totale niersuiwering daarvan, is die waarskynlikheid van metaboliese interaksies daarmee klein.
Die moontlikheid van interaksies met ander medisyne wat saam met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** toegedien word, moet in ag geneem word, veral wanneer die hoofroete van eliminasie aktiewe niersekresie is, en dan veral via die kationtransportsisteem, bv. trimetoprim. Die nukleosiedanaloë (bv. sidovudien, didanosien en salsitabien) en ander medisyne (bv. ranitidien, simetidien) word slegs gedeeltelik deur hierdie meganisme geëlimineer en dit is aangetoon dat hulle geen interaksie met lamivudien het nie.
Trimetoprim:
Die toediening van profilaktiese kotrimoksasool dosisse lei weens die trimetoprimkomponent, tot 'n 40 % toename in lamivudienblootstelling. Die sulfametoksasoolkomponent het geen interaksie getoon nie. Tensy die pasiënt aan ingekorte nierfunksie ly, is geen dosisaanpassing van lamivudien nodig nie (sien **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**).
Wanneer die gelyktydige toediening saam met kotrimoksasool dit regverdig, behoort pasiënte klinies gemonitor te word. Die medetoediening van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** saam met hoë dosisse kotrimoksasool vir die behandeling van Pneumocystis jirovecii pneumonie (PCP) en toksoplasmose behoort vermy te word.
Salsitabien:
Salsitabien mag die intrasellulêre fosforilering van salsitabien inhibeer wanneer die twee medisinale produkte saam gebruik word. Dit word daarom aanbeveel dat **MACLEODS LAMIVUDINE 150** nie in kombinasie met salsitabien gebruik word nie (sien **KONTRA-INDIKASIES**).
Ander:
Die medetoediening van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** saam met intraveneuse gansiklovir of foskarnet word nie aanbeveel nie.
CYP3A is nie by die metabolisme van lamivudien betrokke nie. Interaksies met medisyne wat deur hierdie sisteem gemetaboliseer word (bv. proteaseïnhibeerders), is daarom onwaarskynlik.
Een keer daaglikse drievoudige nukleosiedkombinasies van lamivudien en tenofovir saam met abasavir of didanosien word met 'n hoë vlak van behandelingsmislukking en die ontwikkeling van weerstand geassosieer en behoort derhalwe vermy te word.
Die plasmavlakke van sidovudien word nie noemenswaardig verander wanneer dit saam met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** toegedien word nie. Sidovudien het geen effek op die farmakokinetika van lamivudien nie.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE
Die veiligheid in menslike swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie.
Swangerskap
Ooreenstemmend met die passiewe oordrag van medisyne deur die plasenta, was lamivudienkonsentrasies in babaserum met geboorte soortgelyk aan dié van materale en naelstringserum met geboorte.
Reproduksiestudies in diere het geen bewys van teratogeniteit, asook geen effek op manlike of vroulike vrugbaarheid getoon nie. Daar was enkele bewyse van vroeë embriodood wanneer aan dragtige konyne toegedien is teen blootstellingsvlakke vergelykbaar met dié bereik in mense.
Alhoewel reproduksiestudies in diere nie altyd die menslike respons voorspel nie, behoort die toediening gedurende swangerskap slegs oorweeg te word wanneer die verwagte voordeel opweeg teen enige moontlike risiko.
Daar bestaan vermeldings van geringe en verbygaande verhogings in serumlaktaatvlakke, moontlik weens mitochondriale disfunksie, in neonate en babas wat *in utero* of peripartum aan nukleosied trutranskriptase-inhibeerders (NTTI) blootgestel is. Die kliniese betekenis van verbygaande verhogings in serumlaktaat is onbekend. Daar bestaan slegs 'n paar vermeldings van vertraagde ontwikkeling, stuiptrekkings en ander neurologiese siektes. 'n Oorsaaklike verwantskap tussen hierdie gebeurtenisse en die *in utero* blootstelling aan NTTI's is egter nie vasgestel nie.
Laktasie
'n Studie in lakterende konyne, na orale toediening, het aangetoon dat lamivudien in die borsmelk uitgeskei is. Na orale toediening is lamivudien in die borsmelk in soortgelyke konsentrasies as dié wat in serum gevind is, uitgeskei. Dus, moeders wat **MACLEODS LAMIVUDINE 150** neem, nie hul babas borsvoed nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Volwassenes en adolessente > 12 jaar:
Die aanbevole lamivudiendosis is 150 mg twee keer per dag in kombinasie met sidovudien. Die voubiljet vir sidovudien moet geraadpleeg word vir inligting oor die dosis en toediening daarvan.
Vir volwassenes met 'n lae liggaamsmassa (minder as 50 kg) is die aanbevole orale lamivudiendosis 2 mg/kg twee keer per dag, toegedien in kombinasie met sidovudien. Daar is geen data beskikbaar om 'n dosisaanbeveling vir adolessente met 'n liggaamsmassa van minder as 50 kg te maak nie.
Ingekorte nier- en lewerfunksie:
Weens 'n afname in suiwering is plasmakonsentrasies van lamivudien (AOK) hoër in pasiënte met matig tot erg ingekorte nierfunksie. Die dosis behoort daarom aangepas te word
Volwassenes en adolessente > 12 jaar:

Kreatiniensuiwering (mℓ/min)	Aanbevole MACLEODS LAMIVUDINE 150 dosis
≥ 50	150 mg twee keer per dag
30 – 49	150 mg een keer per dag
15 – 29 *	Eerste dosis 150 mg, daarna 100 mg een keer per dag
5 – 14 *	Eerste dosis 150 mg, daarna 50 mg een keer per dag
< 5 *	Eerste dosis 50 mg, daarna 25 mg een keer per dag

*As dosisse van minder as 150 mg benodig word, word die gebruik van 'n toepaslike orale oplossing aanbeveel.

NEWE-EFFEKTE
Die volgende newe-effekte is gedurende die terapie van MIV-siekte met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** alleen of in kombinasie met ander antiretrovirusmiddels aangemeld.
Infeksies en infestasies
Algemeen: Oor-, neus- en keelinfeksies
Afwykings van die bloed- en limfsisteem
Minder algemeen: Anemie, neutropenie, trombositopenie, suiwer rooiselaplasie
Afwykings van die immuunstelsel
Minder algemeen: Hipersensitiewe/Allergiese reaksies insluitend angioëdeem, urtikarie en anafilaksie
Endokriene afwykings
Frekwensie onbekend: Hiperglukemie
Metabolisme en voedingsafwykings
Algemeen: Hiperlaktatemie
Minder algemeen: Melksuurasidose, lipodistrofie (herverspreiding/ aansameling van liggaamsvet) (sien **WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**)
Psigiatriese afwykings
Algemeen: Slapeloosheid, ander slaapafwykings en depressiewe afwykings
Afwykings van die senuweestelsel
Algemeen: Perifere neuropatie, parestesie, duiseligheid en hoofpyn
Oor- en labirintafwykings
Algemeen: Oorsuising
Respiratoriese, torakale en mediastinale afwykings
Algemeen: Neussimptome soos uitskeiding of verstopping, hoes, hyg en seer keel
Frekwensie onbekend: Abnormale asemhaling
Gastrointestinale afwykings
Algemeen: Pankreatitis, bo-buikpyn, naarheid, braking, diarree, splenomegalie, anoreksie of verlies aan eetlus en stomatitis
Minder algemeen: Toename in serumamilase, dispepsie
Hepatobiliêre afwykings
Minder algemeen: Verbygaande toenames in lewerensieme (AST, ALT), erge hepatomegalie met steatose
Afwykings van die vel en subkutane weefsel
Algemeen: Alopesia, uitslag en eritreem, pyn en swelling
Minder algemeen: Urtikarie, pruritus
Muskuloskeletale en bindweefselafwykings
Algemeen: Artralgie, spierafwykings, muskuloskeletale pyn en mialgie
Minder algemeen: Rabdomiolise
Algemene afwykings
Algemeen: Moegheid, malaise, koors, limfadenopatie

Aangesien newe-effekte aan die sidovudienkomponent van die kombinasieterapie toegeskryf kan word, behoort die volledige voorskrifinligting geraadpleeg te word alvorens daar met kombinasieterapie begin word.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN
Die pasiënt moet vir enige tekens van toksisiteit gemonitor te word (sien **NEWE-EFFEKTE**), en behoort standaard ondersteuningsbehandeling waar nodig, toegepas te word. Aangesien lamivudien dialiseerbaar is, kan aanhoudende hemodialise moontlik gebruik word in die behandeling van oordosering. Laasgenoemde is egter nog nie bestudeer nie.

IDENTIFIKASIE
Wit, kapsuulvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'n breeklyn aan die een kant, en 'ML 1' op die ander kant van die tablet gedruk.

AANBIEDING
Aluminium/PVC stolpverpakkings met 10 tablette per strokie, gepak in 'n kartonhouer met 60 of 100 tablette, of in 'n HDPE houer met 56 of 60 tablette.

BERGINGSAANWYSINGS
Berg teen of onder 30 °C.
Die strokies behoort in die karton gehou te word totdat hulle vir gebruik benodig word.
HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS

REGISTRASIENOMMER
45/20.2.8/0538

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms.) Bpk.
Kantoorblok 1
Bassonia Estate Office Park (Oos)
Cussonialaan 1
Bassonia Rock, Uitb. 12
Alberton.

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET
Datum van registrasie: 20 April 2012
Die datum van die mees onlangse hersiene pakketinvoegsel soos goedgekeur deur die Raad: 30 September 2016

INLIGTINGSBLAADJIE VIR PASIËNTE

SKEDULERINGSTATUS

S4

EIENDOMSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM
MACLEODS LAMIVUDINE 150
Lamivudien 150 mg, Filmbedekte Tablet

LEES DIE HELE BLAADJIE SORGVULDIG VOORDAT U BEGIN OM MACLEODS LAMIVUDINE 150 TE GEBRUIK
- Hou die blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, raadpleeg u dokter of apteker.
- **MACLEODS LAMIVUDINE 150** is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ook al toon hulle dieselfde simptome as u.

WAARUIT BESTAAN MACLEODS LAMIVUDINE 150
Elke filmbedekte tablet bevat lamivudien 150 mg.
Eksipiënte: magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose, natriumstysel-glikolaat.

WAARVOOR MACLEODS LAMIVUDINE 150 GEBRUIK WORD
MACLEODS LAMIVUDINE 150 word in antiretrovirusterapie gebruik vir die behandeling van MIV-infeksie, verminder die hoeveelheid MIV viruses in u liggaam en hou dit op 'n lae vlak. Dit verhoog ook CD4-tellings. Dit verminder die risiko van siektevordering. Die respons op behandeling met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** wissel tussen pasiënte. U dokter sal die effektiwiteit van u behandeling monitor.

VOORDAT U BEGIN OM MACLEODS LAMIVUDINE 150 TE GEBRUIK
Moenie MACLEODS LAMIVUDINE 150 gebruik nie:
Indien u **MACLEODS LAMIVUDINE 150** gebruik, of indien **MACLEODS LAMIVUDINE 150** aan u voorgeskryf is, is dit belangrik dat u u dokter of gesondheidsorgprofessioneel daarvoor inlig as u aan enige van die kondisies hieronder genoem, ly:
- Indien u hipersensitief (allergies) teen **MACLEODS LAMIVUDINE 150** of enige van die eksipiënte is.
- Indien u salsitabien gebruik.

Neem spesiale sorg met MACLEODS LAMIVUDINE 150
Sorg moet aan die dag gelê word met die gebruik van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** in die volgende pasiënte:
- Indien u aan enige soort nier- of lewersiekte ly.
- Die langtermyn gebruik van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** mag tot 'n toename van suur in u liggaam ly. Dit sluit tekens soos naarheid, braking, maagpyn en -krampe, gewigsverlies, kortasemheid of vinnige asemhaling en moegheid in. U mag aan 'n kondisie genaamd "melksuurasidose" ly. Stop met die gebruik van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** en raadpleeg u dokter onmiddellik.
- Neem u kind, indien gedurende swangerskap aan **MACLEODS LAMIVUDINE 150** blootgestel is, onmiddellik na u dokter indien hy/sy bleek lyk, swak is, aanhoudend slaperig is, vinniger asemhaal, as die hart vinniger klop, as dit lyk of hy/sy nie gewig aansit nie, as hy/sy braak, koors, seer keel of mondulkusse het, as hy/sy styf is, stuiptrekkings het of abnormale gedrag toon. U dokter sal bykomende mediese en laboratoriumtoetse op u kind doen.
- **MACLEODS LAMIVUDINE 150** kan inflammasie van die pankreas veroorsaak. Stel u dokter in kennis indien u enige maagpyn ervaar met siekte en braking.
- Vertel jou dokter as ju nier siekte gehad het, of as toetse probleme met jou niere getoon het. Die dosis van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** sal moontlik aangepas moet word.
- Stel u dokter in kennis as u aan 'n lewersiekte ly insluitende hepatitis B of C, want behandeling met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** in pasiënte met lewersiekte ernstige newe-effekte wat die lewer effek, insluitend die dood, kan veroorsaak. Jou dokter sal jou lewerfunksie monitor deur gereeld bloedtoetse te doen.
- As u 'n voortdurende hepatitis B-infeksie het, moet nie **MACLEODS LAMIVUDINE 150** stop sonder u dokter se advies nie, aangesien u hepatitis mag terugkom. Die hepatitis kan erger wees as jy ook 'n ernstige lewersiekte het.
- Stel u dokter in kennis indien u enige veranderinge in u liggaamsvorm en -gewig waarneem, insluitende 'n gewigstoename om die middel, op die agterkant van die nek tussen die skouers en vergroting van die borste opmerk, of indien u gewig op ander plekke van u liggaam verloor. **MACLEODS LAMIVUDINE 150** kan ook vlakke van suiker en vette (trigliseriede en cholesterol) in die bloed verhoog.
- Wanneer u immuunstelsel onderdruk is, mag u 'n toename in ander infeksies gedurende die aanvanklike behandeling met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** gekombineer met ander MIV medisyne ondervind. Mense met gevorderde MIV-infeksie (VIGS) het swak immuunstelsels, en is meer geneig om ernstige infeksies te ontwikkel. By die aanvang van behandeling kan u vind dat ou, verborge infeksies flikker, wat tekens en simptome van inflammasie veroorsaak. Hierdie simptome word waarskynlik veroorsaak deurdat die liggaam se immuunstelsel sterker word, sodat die liggaam hierdie infeksies begin beveg. As u enige simptome van infeksie ervaar, moet u asseblief u dokter dadelik in kennis stel.
- Die langtermyn behandeling met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** in kombinasie met ander medisyne om MIV mee te behandel, mag osteonekrose, of beendood, weens swak bloedtoevoer na die area veroorsaak. Dit kom mees algemeen in die heup en skouer voor, maar kan enige ander groot gewrigte soos die knie, elmboog, pols of enkel aantas.
- **MACLEODS LAMIVUDINE 150** is nie 'n genesing vir MIV-infeksie nie. **MACLEODS LAMIVUDINE 150** help om u kondisie te beheer en u moet dit elke dag neem om te verhoed dat u siekte erger word. U mag aanhou om ander infeksies en siektes wat met MIV geassosieer word, op te doen. Bly in kontak met u dokter en moenie ophou om **MACLEODS LAMIVUDINE 150** te neem sonder om u dokter te raadpleeg nie.
- MIV-infeksie word deur seksuele kontak met iemand wat die infeksie het, versprei, of deur oordraging van besmette bloed (bv. die deel van spuitnaalde). **MACLEODS LAMIVUDINE 150** sal nie verhoed dat u MIV-infeksie na ander oordra nie. Om te voorkom dat ander mense met MIV besmet raak:
  - o Gebruik 'n kondoom wanneer u orale of penetrerende seks het.
  - o Wees versigtig vir bloedoordraging – bv. moenie naalde deel nie.

Praat met u dokter indien enige van die volgende op u van toepassing is. U mag moontlik bykomende ondersoeke benodig terwyl u die medikasie gebruik, insluitende bloedtoetse.

Die neem van MACLEODS LAMIVUDINE 150 met voedsel en vloeistof:
MACLEODS LAMIVUDINE 150 mag met of sonder voedsel geneem word.

Swangerskap en borsvoeding:

Indien u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsbeampte raadpleeg voordat u **MACLEODS LAMIVUDINE 150** neem.

Swangerskap:
- Dit is belangrik dat u u dokter daaroor inlig as u swanger is, en hy/sy sal vir u die toepaslike medisyne gee.

Borsvoeding:
- **MACLEODS LAMIVUDINE 150** word nie aanbeveel terwyl u borsvoed nie. Daar word aanbeveel dat MIV-besmette vroue onder geen omstandighede hul babas borsvoed nie om sodoende oordraging van MIV te vermy.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
Duiseligheid, ingekorte konsentrasie en lomerigheid is gedurende die behandeling met **MACLEODS LAMIVUDINE 150** aangemeld. Indien u hierdie simptome ondervind, behoort u potensieel gevaarlike take soos bestuur en om met masjinerie te werk, te vermy.

Die neem van ander medisyne saam met MACLEODS LAMIVUDINE 150:
Wanneer u **MACLEODS LAMIVUDINE 150** neem is dit veral belangrik dat u u dokter of gesondheidsprofessioneel inlig indien u enige van die volgende neem:
Moet nie **MACLEODS LAMIVUDINE 150** saam met salsitabien, hoë dosisse kotrimoksasool of saam met infusies van gansiklovir of foskarnet neem nie.

Laat altyd u gesondheidsbeampte weet as u ander medisyne gebruik (dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in.

HOE OM MACLEODS LAMIVUDINE 150 TE NEEM

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.
Neem altyd MACLEODS LAMIVUDINE 150 presies soos wat u dokter voorgeskryf het. Indien u onseker is, raadpleeg u dokter of apteker. Raadpleeg u dokter of apteker indien u van mening is dat die effek van MACLEODS LAMIVUDINE 150 te sterk of te swak is.

Volwassenes en kinders ouer as 12 jaar en wat meer as 50 kg weeg:
Neem altyd **MACLEODS LAMIVUDINE 150** presies soos wat u dokter voorgeskryf het. Die aanbevole dosis van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** is een tablet twee keer per dag, toegedien met of sonder voedsel. Terapie behoort deur 'n dokter met ondervinding in die bestuur van MIV-infeksie, geïnisieer te word.
Wanneer **MACLEODS LAMIVUDINE 150** in kombinasie met 'n ander antiretrovirusmiddel gebruik word, behoort die voubiljet van die spesifieke middel vir inligting geraadpleeg te word.

As u te veel MACLEODS LAMIVUDINE 150 geneem het:
Indien u per ongeluk te veel **MACLEODS LAMIVUDINE 150** geneem het, moet u onmiddellik mediese hulp kry deur u naaste dokter of gesondheid-sorgprofessioneel te skakel.

In die geval van oordosering moet u u dokter of apteker raadpleeg. Indien hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

As u vergeet om MACLEODS LAMIVUDINE 150 te neem:
Indien u 'n **MACLEODS LAMIVUDINE 150** oorgeslaan het, moet u dit so gou moontlik neem wanneer u onthou. Indien dit egter reeds naby u volgende dosis is, moet u nie die oorgeslane dosis neem nie en terugkeer na die normale skedule. Moet nooit die dosis verdubbel nie.

MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE
MACLEODS LAMIVUDINE 150 mag newe-effekte veroorsaak.
Nie al die newe-effekte van **MACLEODS LAMIVUDINE 150** word nie in hierdie blaadjie genoem nie. As u algemene gesondheid sou verswak terwyl u **MACLEODS LAMIVUDINE 150** gebruik, moet u asseblief u dokter, apteker of gesondheidsprofessioneel vir advies raadpleeg.

Ontbied onmiddellik nood mediese hulp indien u enige van hierdie **tekens of 'n allergiese reaksie toon:**
- Veluitslag; moeite met asemhaling; swelling van die gesig, lippe, tong of keel.

Ontbied onmiddellik u dokter wanneer u enige van die volgende newe-effekte ondervind:
- Melksuurasidose (erge toename van melksuur in die bloed, 'n ernstige newe-effekte wat fataal mag wees). Die volgende newe-effekte mag tekens van melksuurasidose wees: diep, vinnige asemhaling, lomerigheid, naarheid, braking en maagpyn.
- Lewerbeskadiging – naarheid; maagpyn; afferse koors; verlies aan eetlus; donker urien, grys verkleuring van die stoelgang; geelsug (geel verkleuring van die vel of oë).
- Koors, koue rillings, seer keel, hoes of ander tekens van infeksie.
- Veranderinge in liggaamsvorm weens veranderinge in vet-verspreiding.
- Styfheid van die gewrigte, algemene pyn (veral in die heup, knie of skouer), moeite met beweging aangesien die bogenoemde tekens van osteonekrose is (sien **WEES VERSIGTIG MET MACLEODS LAMIVUDINE 150**).

Lig u dokter daaroor in as u enige van die volgende newe-effekte waarneem en hulle u kwel, of indien enige van hierdie newe-effekte erg is of nie verdwyn nie:
- Hoofpyn
- Naarheid, braking
- Diarree
- Moegheid, tekort aan energie, algemene "voel nie lekker nie"
- Koors
- Spierpyn en ongemak, afbraak van spierweefsel
- Gewrigspyn
- Slaapafwykings (slapeloosheid)
- Gevoel van depressie
- Senuweeprobleme; gevoelloosheid, prikkeling, tinteling
- Duiseligheid
- Oorsuising
- Haarverlies (alopesia)
- Uitslag (insluitende rooi kolletjies of vlekke, soms met blaasvorming en swelling van die vel) wat allergiese reaksies mag wees, jeuk, veranderinge in velkleur, insluitende verdonkering in plekke.
- Loop- of verstopte neus
- Hoes, hyging, abnormale asemhaling en seer keel
- Verlies aan eetlus, geen eetlus, probleme met die pankreas, sooibrand en 'n gevoel van opgeblasenheid (dispepsie), maagpyn, mondulkusse en koue sere.

Minder gereelde newe-effekte wat in bloedtoetse uitgewys mag word:
- 'n afname in die aantal selle wat by bloedstolling betrokke is (trombositopenie)
- 'n lae rooibloedseltelling (anemie), of 'n lae witbloedseltelling (neutropenie)
- 'n onvermoë van die beenmurg om nuwe rooibloedselle te vervaardig
- 'n toename in lewerensiemvlakke
- 'n toename in die ensiem genaamd amilase
- 'n toename in bloedglukosevlakke

OPBERGING EN WEGDOEN VAN MACLEODS LAMIVUDINE 150
Berg teen of onder 30 °C.
Hou die strokies in die karton tot voor gebruik.
Enige vervalde of ou en ongebruikte medisyne kan aan u apteker teruggegee word.
HOU ALLE MEDISYNE BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS

AANBIEDING VAN MACLEODS LAMIVUDINE 150
Aluminium/PVC stolpverpakking met 10 tablette per strokie, verpak in 'n karton met 60 of 100 tablette, of in 'n HDPE houer met 56 of 60 tablette.

IDENTIFIKASIE VAN MACLEODS LAMIVUDINE 150
Wit, kapsuulvormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'n breeklyn aan die een kant en "ML 1" op die ander kant.

REGISTRASIENOMMER
45/20.2.8/0538

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT
Macleods Pharmaceuticals SA (Edms.) Bpk.
Kantoorblok 1
Bassonia Estate Office Park (Oos)
Cussonialaan 1
Bassonia Rock, Uitb. 12
Alberton.

DATUM VAN PUBLIKASIE
Datum van registrasie: 20 April 2012
Die datum van die mees onlangse hersiene voubiljet soos goedgekeur deur die Raad: 30 September 2016

PACKAGING RESEARCH & DEVELOPMENT

MACLEODS

Restricted Circulation

(Front Page)

ARTWORK / PRINTPROOF APPROVAL FORM

1. Product : MACLEODS LAMIVUDINE 150	
2. Country: South Africa	3. Packaging component: Package Insert & Patient Information Leaflet
4. No. of Colours: 1 Colour	5. Pantone Shade No.: Black
6. Specification: 40 gsm bible paper	
7. Machine Layout No.: NA	8. Dimensions: 426 x 400 mm
9. Design / Style: NA	10. Item code No.: PM02946001
11. Artwork has been made: Actual Size	12. Pharma code No.: 21325 mini
13. Barcode/NDC no: NA	14. Supersedes Item code No: NA
15. Revision no: 00	16. File Name : E:\ANDA Regulatory\South Africa\Lamivudine 150\63\Lamivudine 150 mg leaflet PM02946001.cdr
Approved By:	17. Location: Daman / Baddi

PRD	M.A. HOLDER	MEDICAL/RAD	QC	PRODN	QA
07/12/18	Rashmi Gosai	07/12/18	07/12/18	07/12/18	Dyadov 10/12/18

Note: 1. To follow overleaf checklist for approval of Artwork / Print proof.

Instructions to Vendor :

1. Before processing, please ensure First pull out / Commercial supply should match with approved Artwork with respect to Design, Size, Fonts & Text.
2. Print proof to represent full printing area with Station Numbers.

FRM/CQA/021/04-01

Reason for revision :	Item code	Artwork Release Date	Artwork Implementation Date
1) New Artwork for South Africa	PM02946001		